SUPER 12 LAERSKOLE / PRIMARY SCHOOLS

Swem 2014.

Die Super 12 swemgala het hierdie jaar plaasgevind op 18 Oktober 2014 by Helpmekaar Kollege in Braamfontein Johannesburg. Dit was weereens 'n baie suksesvolle gala en die swemmers, beamptes en toeskouers het die dag baie geniet.
Daar het 7 skole deelgeneem. nl. Hennopspark, Menlopark, Constantiapark, Stephanus Roos, Mooirivier, Vastrap en Fontainebleau.

Laerskool Hennopspark was hierdie jaar weer die algehele wenner.
Die drie trofee gaan hierdie jaar almal na Hennopspark. Hul ontvang dus die volgende trofee vir:
Algehele wenner.
Beste seunsspan.
Beste dogtersspan.
Baie geluk. Dit is voorwaar n prestasie om op trots te wees.

Baie geluk aan al die skole wat deelgeneem het met jul puik swemmers.

Dankie aan al die deelnemende skole se swemorganiseerders, spanbeamptes en tydhouers vir jul samewerking en harde werk wat bygedra het tot die sukses van die swemgala. Dankie aan die hoofde van skole vir jul ondersteuning. 'n Groot dank aan ons professionele skeidsregters, beoordelaars en rekenaar dame vir al jul harde werk. Sonder julle sal ons nie elke jaar hierdie gala kan aanbied nie. Baie dankie aan Helpmekaar Kollege vir die gebruik van jul pragtige swembad en ander fasiliteite.

'n Spesiale dank aan Mnr. Arno Faber, die aktiwiteitsvoog en hoof van Fontainebleau, vir al u insette, hulp en ondersteuning.

Aan Tropica, ons hoof borg van die dag, wil ons baie dankie se vir die gebruik van jul sambrele, die handdoeke wat ons swemspan ontvang het asook die koeldrankies en sonskerms wat jul geskenk het. Dit word opreg waardeer.

Swemgroete.
Doreen van Niekerk.
Aktiwiteitsvoorsitter - Swem.